Wêreldreis

Jaag ek in dolle vaart,
Met my speelgoedkar
Oor die wêreldkaart,

Laat ek my deur niks keer,
Oor riviere, berge
En as dit moet ook deur 'n meer
Na die Karoo, Transvaal, woestyn,
Deur die blou see dat die skuim so spat,
Oornag ek langs die Ryn.
Vroegdag al weer aan die brand
Oor Noord- en Suid-Amerika,
Maak 'n draai in Engeland,

,



Oor die Noordpool met sy vlaktes ys
Die Alpe, Himalajas
Waar die pieke sneeuwit wys.

Dis 'n eindelose gehier, gedaar,
My kar se go raak min;
Hoog tyd die wêreldreis kry klaar.

Moeg van al die kattemaai,
Haas ek my oor die ewenaar
En tuis gooi ek 'n Kaapse draai.

(Uit: *Mallemeule* deur Pieter W Grobbelaar)
A.G. Visser



VRAGIES:

1. (a) Watter woorde in strofe 5 rym met mekaar?
   (b) Gee twee van jou eie woorde wat ook met DIE twee woorde rym.
2. Beskryf in jou eie woorde wat 'n "dolle vaart" is.
3. Die spreker in die gedig is seker 'n seun, hoe is dit moontlik om **oor** riviere en berge en mere te jaag tydens sy "wêreldreis"?

4. Watter woord in die vyfde strofe sê vir jou dat die "Alpe" en "Himalajas" berge is?

5. Dink aan 'n sinoniem vir "kattemaai", gebruik 'n woordeboek as jy nie weet nie!

6. Skryf die volgende woorde in die verKLEINing:

a) ratelslang b) eekhoring
c) klipkrap d) gorilla
e) sneeu-uil f) poolvos
g) Arktiese haas h) tierhaai

5. Dink aan 'n sinoniem vir "kattemaai", gebruik 'n woordeboek as jy nie weet nie!

6. Skryf die volgende woorde in die verKLEINing:

a) ratelslang b) eekhoring
c) klipkrap d) gorilla
e) sneeu-uil f) poolvos
g) Arktiese haas h) tierhaai

7. Gebruik die volgende <u>byvoeglike naamwoorde</u> en maak GOEIE sinne daarmee. Jou sin moet agt en meer as agt woorde bevat!

stokalleen baasspelerig vrolik fluit-fluit
spring-spring rats versigtig steun-steun